PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

BEROEP OM OPENBARE VOORLEGGINGS EN KOMMENTAAR

Die Staande Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die Wysigingswetsontwerp op Openbare Finansiële Bestuur [B41 - 2018] en die Wysigingswetsontwerp op Openbare Finansiële Bestuur [B13 - 2020]

DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR [B41 – 2018] HET TEN DOEL:

• om die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, te wysig om voorsiening te maak vir parlementêre toesighouding wanneer 'n versoek om 'n waarborg, skadeloosstelling of sekuriteit uit te reik, goedgekeur of afgekeur word • en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR [B13 – 2020] HET TEN DOEL:

• om die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, te wysig om voorsiening te maak vir bykomende maatreëls in gevalle waar 'n uitvoerende gesag versuim om die jaarverslag, finansiële state en tersaaklike ouditverslag vir 'n departement of openbare instelling waarvoor dit verantwoordelik is, ter tafel te lê, in die Nasionale Vergadering of tersaaklike wetgewer • en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou

Voorleggings moet ontvang word teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 6 Junie 2022.

Diegene wat op Dinsdag, 7 Junie 2022 voorleggings tydens die openbare verhore wil doen, moet dit spesifiek versoek. Hierdie verhore sal deur Zoom gehou word.

Voorleggings moet gerig word aan die Komiteesekretarisse, mnr Allen Wicomb en me Teboho Sepanya, 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad 8000 of awicomb@parliament.gov.za / tsepanya@parliament.gov.za / tel 021 403 3759 / 021 403 3662.

Uitgereik deur agb J Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering).

Parliament – Following up on our commitments to the People – Making your future work better